05

JAARGANG 23 | 25 APRIL 2025

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

PAASTYD

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

## BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Jan Lubbe | Annalie Cronjé | Mariëtte Odendaal | Leon M Foot | Christo Nel Andries Gous | Enrico Casaleggio | Ethan Kleynhans | Martin Schwella | Lyzette Hoffman | Zak Scholtz | *Kerkbode Bybel-Media* | *CLF* | *VrydagNuus*, Kaapkerk *TOIBO* | *Bybelgenootskap SA*

## PAASTYD

**Paastyd** verwys na die tydperk van die Christelike liturgiese jaar wat gesentreer is rondom die viering van Jesus se opstanding. Dit mag lyk of Paastyd eintlik 'n hartseer tyd is, omdat ons dink aan Jesus en wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het. Maar Paastyd is eintlik 'n tyd van vreugde en hoop.
Dit herinner ons aan die liefde wat God vir ons het. Dit is daardie groot liefde wat Hom gedring het om Jesus te stuur sodat ons verlos kan word van sonde en die dood en weer in 'n verhouding met Hom kan staan.

*Oorgeneem: Bybelverse vir Paastyd, 3 April 2023, Risa Cronje*

## DAGBOEK DÍT

**RECEIVING NICAEA**
*On Creeds, Culture, and Christian Witness* | 1700 Years After a Council
**19 - 21 May 2025**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 9 Mei**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**VISIONERING**
**Jan Lubbe** | *In die loop van veertig dae ... (in die Vrystaat)*

## ARTIKELS 05

05 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Annalie Cronjé** | *Rooikerk komvandaan*

06 | DIENS VAN BARMHARTIGHEID
**Mariëtte Odendaal** | *Senekal - Waar daar 'n wil is, is 'n weg!*

07 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Leon M Foot** | *Confetti verbode*

08 | BEDIENINGSBEGELEIDING
**Christo Nel** | *#Imagine 2025*

09 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Andries Gous** | *DEGNOS Paasfees 2025*

10 | VENNOTE IN GETUIENIS
**Islam Getuienisaksie: Enrico Casaleggio** | *Ontbrekende hoofstukke in die Koran*

11 | ALGEMEEN
**Teologiese Opleiding: Ethan Kleynhans** | *'n Graad gevang, 'n roeping gevind*

12 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Ons Sinodale Kantoor onthou met Hennie van der Walt*

13 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Werkersdag - 'n viering van die waardigheid van arbeid en die regte van werkers*

15 | ALGEMEEN
**Mariëtte Odendaal** | *Vryheidsdag: Meer as net 'n dag op die kalender*

## BLÊR-REEKS 2 17

**Die Verlore Skapie (12 stories)** | *5. Molly bo almal*

## MEDIATEEK 19

**BOEK EN INVENTARIS**
**Johannes Knoetze & Jacques W Beukes** | *Diaconia: Acts, understandings, and stories of service in a pluralistic South Africa*

## UIT DIE FAKULTEIT 20

**UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT**
**Lyzette Hoffman** | *#Imagine 2025*

## VERJAARSDAE 21

## EKOLOGIE 22

**Stop Voedselvermorsing-dag** | *30 April 2025*

## AKTUEEL | ALGEMEEN 23

24 | **Receiving Nicea** | *19 - 21 May, Programme*
24 | **Boekbespreking:** *Bakengemeentes*
25 | Advertensies

## OPLEIDING 27

## KERKBODE BROKKIES 29
## PUBLIKASIES 30

## WAT'S NUUS? 31
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 33

**Zak Scholtz** | *Saam met Jesus in Bloemfon-Tuin*

## KONTAK ONS 34



# In die loop van veertig dae ...

*(in die Vrystaat)*

***Foto:** Menuha (verskaf)*

**VISIONERING**

*Ds Jan Lubbe*


Die evangelis Lukas begin sy tweede deel van die groot geskiedverhaal – "Lukas" en "Handelinge" – met 'n mededeling dat ***"in die loop van veertig dae"*** (Handelinge 1:2), die Opgestane Jesus aan sy verbaasde dissipels verskyn en getoon het dat Hy werklik lewe; herkenbaar, en tóg anders. 'n Kontinuïteit met vroeër toe hulle saam in Galilea was en vóór daardie Laaste Week in Jerusalem en die onvoorstelbare gebeure by die Pasga, maar ook 'n dis-kontinuïteit; die tyd van vroeër was verby; hulle het met nuwe oë na Jesus gekyk; Hý was nou ánders. Van "Rabbi" met "dissipels", na "Here", en hulle, "apostels", gestuurdes. Sy boodskap egter steeds: "die koninkryk van God is naby" (Handelinge 1:3, Lukas 4:43). En Jesus se opdrag vir daardie veertig dae, "die tydperk" tussen Paassondag en Hemelvaartsdonderdag: *"... bly wag op die Vader se belofte wat julle van My gehoor het"* (Handelinge 1:4). Wag. Die gebedshouding en -vertroue vir gelowiges in hierdie veertig dae van April na Mei 2025.

In die Vrystaat is hierdie veertig dae ons Herfs, vanjaar 'n baie nat en dalk kort Herfs – daar was onverwags al sneeu op die Maluti's aan ons oostekant. Die afgelope twee maande, die natste násomer in jare, en dít ook nog ná die warmste en droogste Desember en Januarie wat ons landstreek in dekades beleef het! Ekstreme toestande, uitermate uitdagend vir ons landbougemeenskap en álmal in ons provinsie.

Gister by ons vergadering, het die Interimkomitee geluister na berigte oor hoe dit in die Vrystaat gaan ...

**Lees** meer »

# Predikante Stilwordkans



*'n fluistering in die windstilte*

1 Konings 19

## 10 - 12 Junie 2025

*Hou die datum oop*

Inligting volg binnekort

Amanzi
PRIVATE GAME RESERVE

NG Kerk
Vrystaat

Navrae | daf@ngkvs.co.za | 051 406 6700

# ARTIKELS
## UIT DIE SINODE




**Foto:** *Verskaf*

# Rooikerk komvandaan

*"Die nuwe gonswoord in Afrikaans is **komvandaan** en elkeen van ons het so 'n komvandaan. Dit sê nie net waar ons vandaan kom nie, maar gee ons ook leiding vir ons toekoms."*

**DIENS VAN BARMHARTIGHEID**
*Annalie Cronjé*

Die NG Kerk Universitas-Wes, Bloemfontein (beter bekend as die Rooikerk) het ook so 'n komvandaan. Op **Donderdag, 1 Junie 1970** word 'n afstigtingsvergadering in die kerkgebou van Universitas gehou en kom die nuwe gemeente amptelik tot stand.

Hierdie jaar vier ons ons gemeente se **55ste bestaansjaar**, voorwaar 'n mylpaal!

Covid het ons verhinder om iets groots van ons vyftig-jaar-herdenking te maak, daarom wil ons een en almal wat in die afgelope jare op enige manier by die gemeente betrokke was, vra om ons te kontak en hul herinneringe te deel. Ons wil so 'n bietjie delf in ons geskiedenis, belangrike gebeure herontdek, leer van goeie en slegte tye. Ons wil terugkyk na ons leraars, na studente wat hul praktiese jaar by ons gemeente gedoen het en vandag hul stempels afdruk in hul eie gemeentes.

**Lees** meer »

*Mariëtte Odendaal*

# SENEKAL

## Waar daar 'n wil is, is 'n weg!

***"Dit was nadat ek eendag gekyk het na een van Lynette Beer se 'Gees van uitnemendheid'-programme dat ek besluit het dat iets drasties gedoen moes word. Ek het toe besef dat ons omgewing mos ook een van uitnemendheid kan word."***

*- John Kotzé*

Senekal is 'n boomryke dorp geleë aan die oewer van die Sandrivier in die Oos-Vrystaat. Dis mielie-, sonneblom- en sojawêreld. Die N5 nasionale pad gaan deur dié besondere dorp wat tussen Winburg in die weste en Bethlehem in die ooste geleë is.

Senekal is ook een van die eens pragtig versorgde dorpe in die Vrystaat waarvan die strate die afgelope dekades mettertyd erg agteruitgegaan het.

As jy egter deesdae in Senekal se strate afry, sal jy sien hiér is iets moois aan die gebeur. Senekal se inwoners ry deesdae kop omhoog met trots oor hul nuut opgevulde slaggate. Dis strate was nog tot verlede jaar in 'n baie slegte toestand. Verby is die dae dat jy draai-draai die hoofstraat moes afkom om al die slaggate te probeer vermy. Nou sien jy daagliks spanne werkers wat stelselmatig hul dorp se slaggate met brokkelteer opvul en vasstamp.

### Wat is die rede vir die agteruitgang en hoe het die ommekeer begin?

Jy hoor dikwels in die media dat die swak toestand waarin vele Suid-Afrikaanse dorpstrate verkeer, hoofsaaklik te wyte is aan die ondoeltreffendheid van die staat en oneffektiewe bestuur van die plaaslike regering. Tot 50% van staatsbesteding word jaarliks vrugteloos aangewend, verkwis, of dit verdwyn eenvoudig net.

**Lees** meer »




*Foto: Slaggate in Senekal (verskaf)*

# Confetti verbode

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Dr Leon M Foot*

Een van die interessante gebruike wat ek in my eerste gemeente teëgekom het, was dat confetti verbode was!



Ek het nog grootgeword met die gebruik dat die bruidspaar, wanneer hulle uit die kerkgebou uitstap, van alle kante met gekleurde confetti bestrooi word. Dikwels is dit ook elders gebruik: soos in my motor se luggate, of in die bruidspaar se kleretasse. Maande later is 'n onverwagse flentertjie papier steeds getuie van die heuglike dag.

Nou waarom dan die confetti verban? Die antwoord lê in die confetti se nagevolge: alles word bemors! Confetti maak mooi foto's, maar maak moeilik skoon.



Die koster sukkel met die confetti op die kerk se matte, net so ook met roosblare. Daarom is dit summier verbied.

Dalk is dit tyd vir die kerk om 'n ander gebruik ook summier te verbied: die loslaat van ballonne by troues en begrafnisse. Die probleem met confetti was een van ongerief – ballonne het 'n ekologiese impak. Anders as die klein, dun stukkie papier wat bio-afbreekbaar is, vergaan 'n plastiekballon nie sommer nie.

Gewone latex ballonne neem maande om te vergaan, terwyl die foelie-tipe byna nooit vergaan nie, die plastiek breek net af in ál kleiner stukkies.

**Lees** meer »

# #imagine 2025



## maak 'n verskil in tieners en hulle leiers se lewens!

So kom #Imagine NAMPO van 4 tot 6 April al nader ... en hoe nader dit kom, hoe meer sien ons dit word al natter! Ons staal onsself vir 'n sopnat naweek en inderdaad was dit sopnat, maar op die regte tye het die Here die reën sagter laat word en selfs plek-plek laat ophou.

'n Mamma sê ná #Imagine vir my die kinders kon nie ophou praat nie, maar hulle het nooit na die reën verwys nie!

'Die kinders slaap in sale en onder afdakke en almal slaap warm en droog! Dankie NAMPO!

In alle opsigte was #Imagine 2025 'n perfekte #Imagine!

Alles loop seepglad en 1 203 mense is deel van die naweek: 890 tieners en 313 grootmense. Uit die Vrystaat het 449 tieners en volwassenes #Imagine bygewoon. Tieners loof en prys die Here soos net hulle kan. Die Ervaring- (Encounter) stasies verander lewens. Die sprekers deel die verhaal van die Samaritaanse vrou by die put op treffende wyse en tieners kan identifiseer met haar en met Jesus se ingrype in haar EN hulle lewe.

**Lees** meer »



VENNOTE IN GETUIENIS
DEGNOS
*Andries Gous*

# DEGNOS
## Paasfees 2025

Liewe vriende van DEGNOS

Ons dink terug aan ons Here se plaasvervangende kruisdood en sy oorwinning oor die dood. Die graf is leeg – ons Heer het opgestaan! Dood, waar is jou angel nou? Ons leef as mense van hoop!

**Omega | Paaskamp 2025**

Van reg oor Bwabwata is die sowat sewentig kampgangers aangery na Omega vir die eerste kamp in meer as 25 jaar. Die Evangelisasie-span van *Africa Inland Missions* het saam met ons eie Smith Muyatwa en Pieter Potgieter die voortou geneem en die kampgangers uit die Woord geleer. Stap vir stap is die gebeure van 2 000 jaar terug deurgewerk. Vanaf die laaste ete tot by Petrus se herstel.

Die hoofdoel van dié Paaskamp is om gelowiges te leer en om hulle toe te rus, te versterk en in staat te stel om die goeie nuus aan ander oor te dra.

**Mangeti Duin | Paaskamp 2025**

Ds Amon Petrus doen verslag dat die Paaskamp weereens 'n groot sukses was. Daar was deelnemers van regoor die Na#Jaqna bewaringsgebied.

Dit was die derde Paaskamp vir die Luhebu Noord-gemeente en die gemeente neem self verantwoordelikheid vir die reëlings en die program. DEGNOS help met die kos en die vervoer, maar die res doen die gemeente self. Nog 'n mooi selfstandige tree is gegee in die geskiedenis van hierdie bediening.



***Foto**: Ou Andries en Engela borrel van opgewondenheid ná die Paaskamp op Tsintsabis (verskaf).*




***Foto**: Ds Amon wag die gemeente in by die kerk op Mangeti Duin (verskaf).*

**Lees** meer »

# iSLAM

## Ontbrekende hoofstukke in die Koran

Bloot die feit dat daar geskille tussen Moslem-geleerdes bestaan (of bestaan het) is reeds voldoende grondslag om die bewering dat die Koran perfek bewaar is, af te wys. Ons kan nietemin verder gaan op hierdie roete deur kortliks sekere ander probleme in die samestelling van die Koran uit te wys[1]. Toe Ibn Umar – 'n metgesel van Mohammed en die seun van Kalief Umar – mense hoor verklaar dat hulle die hele Koran gememoriseer het, het hy vir hulle gesê:

*"Laat niemand van julle sê: 'Ek het die hele Koran geleer' nie, want hoe weet hy wat die hele Koran is, terwyl baie daarvan vermis word? Laat hom eerder sê: 'Ek het net geleer wat daarvan oorgebly het'" (Abu Ubaid, Kitab Fada'il-al-Qur'an).*

As Ibn Umar geglo het dit is onmoontlik om die hele Koran te ken (omdat "baie daarvan" vermis word), hoe kan Moslems vandag sê dat hulle die hele Koran besit? Moet hulle nie sê dat hulle net dit het wat van die Koran oor is nie?

[1] *Inligting vir hierdie artikel kom meestal uit* ***David Wood*** *se publikasie Christian Essential Series: The History of the Quran, wat in 2020 deur Ad Luceum uitgegee is.*

---

Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Hierdie artikel handel oor die stryery wat plaasgevind het tussen Mohammad se eerste volgelinge oor wat in die Koran hoort en wat nie. Dit onderstreep maar net dat daar van die begin van Islam geen konsensus was oor wat in die "oorspronklike" Koran hoort en wat nie en wat uitwys dat daar nie 'n "oorspronklike Koran" bestaan nie.

Een van Mohammed se metgeselle, Abu Musa, het Ibn Umar se aanspraak ondersteun deur daarop te wys dat die vroeë Moslems twee hele suras (hoofstukke) van die Koran vergeet het weens luiheid:

*Sahih Muslim 2286 – Abu Musa al-Ash'ari wat vir die voorlesers van Basra gestuur is. Hulle het na hom gekom en hulle was drie honderd in getal. Hulle het die Koran opgesê en hy het gesê: Julle is die beste onder die inwoners van Basra, want julle is die voorlesers onder hulle. Hou dus aan om dit op te sê. (Maar hou in gedagte) dat u lang voordrag nie u harte kan verhard soos die harte van diegene voor u verhard is nie.*

*Ons het vroeër 'n sura opgesê wat in lengte en erns gelyk was aan (Sura) Bara'at. Ek het dit egter vergeet, met die uitsondering hiervan wat ek daaruit onthou: "As daar twee valleie vol rykdom was, sou die seun van Adam na 'n derde dal smag, en niks sou die maag van die seun van Adam vul nie, behalwe stof." En ons het altyd 'n 11 sura opgesê wat soos een van die suras van Musabbihat gelyk het, en ek het dit vergeet.*

Die vers wat deur Abu Musa aangehaal word, is nie vandag in die Koran nie, wat beteken dat die hoofstuk waarna hy verwys het, nooit teruggevind is nie.

Ons weet verder dat groot dele van sekere hoofstukke ontbreek het.

**Lees** meer »

# ’n Graad gevang, ’n **roeping gevind**

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Ethan Kleynhans*

## Twee jong teoloë kyk terug

Elke roeping begin met ’n stem – soms duidelik en sterk, ander kere stil en stadig ontvouend. Vir Nielbert Mostert en Sarahné Dreyer het dié stem op verskillende maniere gekom, maar altwee het gereageer met geloof, vasberadenheid en ’n bereidheid om te leer. Aan die einde van hul BDiv aan die Universiteit van die Vrystaat kyk hulle terug op vier jaar van groei – nie net akademies nie, maar as mense wat gevorm is vir die bediening. In hierdie artikel deel hulle hul pad, hul struikelblokke, en wat hulle hoop om saam te dra na waar God hulle ook al stuur.

**Nielbert Mostert**
*”n Roeping wat stadig ontvou het’*

Met ’n rustige soort dankbaarheid kyk Nielbert Mostert, vyfdejaar-teologiestudent aan die Universiteit van die Vrystaat, terug op die reis wat hom tot hier gebring het. Wat begin het as ’n sprong in die onbekende, het gaandeweg ’n pad van duidelikheid, roeping en groei geword. “Ek het aansoek gedoen, is aanvaar, en toe het ek maar begin studeer – dis al waarvoor ek aanvaar is!” vertel hy met ’n glimlag. “Maar ek is nie vir een oomblik spyt nie. Ek’s net dankbaar ek het begin.”

Nielbert se tyd aan Kovsies het hom nie net akademies gevorm nie, maar hom diep geraak op persoonlike en geestelike vlak.

***Foto’s** verskaf*


***Nielbert Mostert***


***Sarahné Dreyer***

Hy vertel hoe sy verstaan van God verbreed het, hoe hy geleer het om met meer deernis na ander se perspektiewe te luister, en hoe sy verhouding met die Here al hoe meer ’n anker in sy lewe geword het. “Jy besef nie altyd hoe ver jy al gekom het nie, totdat jy terugkyk,” sê hy. “Ek sien uit daarna om oor ’n paar jaar weer terug te kyk – om die groei raak te sien wat ek nou nog nie eers ten volle begryp nie.”

Vir iemand met slegs 40% sig, het die akademiese wêreld uitdagings gebied waarvan baie nie eers bewus is nie – veral in tegniese tale soos Grieks en Hebreeus. Maar met die hulp van toegewyde dosente en die ondersteuning van die universiteit se CUADS-span, het Nielbert elke eksamen met vasberadenheid aangepak.

**Lees** meer »



NG Kerk
Vrystaat

ALGEMEEN

Mariëtte Odendaal

# Ons *Sinodale Kantoor* onthou

*Fondasies en staalstrukture van geboue word nie gesien nie, maar dit is juis hiérdie onontbeerlike elemente wat geboue stabiel en staande hou. So het elke organisasie ook sy onsigbare fondasie en struktuur wat moet verseker dat alle interne en eksterne prosesse glad verloop.*

*Die eerste artikel in 'n reeks van vyf oor die afgelope meer as dertig jaar se vyf saak-gelastigdes, deesdae bekend as direkteur van administrasie en finansies, het in die vorige Vrypos verskyn. Ons het toe gesels oor die sinodale kantoordae van Piet Coetzer. In hierdie uitgawe gesels ons met Piet se opvolger, Hennie van der Walt.*

*Die volgende drie uitgawes sal gaan oor André Esterhuizen, Hennie de Lange en die huidige direkteur van administrasie en finansies, Adriaan de Ruiter.*

**Hennie, jy het vir Piet Coetzer as saakgelastigde opgevolg, maar vertel ons eers meer van jouself voordat ons oor jou jare by die sinodale kantoor gesels.**

"Ja, graag. Ek is op 9 September 1944 op Bethlehem gebore en in die NG Kerk Bethlehem-Wes as Hendrik Albertus van der Walt gedoop. In 1961 is ek as lidmaat van die Bethlehem Môrelig-gemeente bevestig.

Lees meer »

***Foto's** verskaf*









# Werkersdag

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

## ’n Viering van die waardigheid van arbeid en die regte van werkers

*Die viering van Werkersdag op 1 Mei is meer as net ’n vakansiedag – dit is ’n herinnering aan die krag van eenheid en die lang stryd vir regverdigheid in die werkplek. Ons as navolgers van Christus behoort die voortou te neem waar ons onregverdige en onbillike vergoeding of swak dienslewering raaksien.*



Niemand kan oorleef sonder ’n leefbare inkomste nie; ons almal het dit nodig. Werkgewers het werknemers nodig en *vice versa*. Ons kan nie sonder mekaar oorleef nie. Die uitdaging is egter hoe om ’n regverdige en billike balans te vind. ’n Mens wonder byvoorbeeld hoe Christene in die slawehandel-era dit oor hul harte kon kry om kinders wat dieselfde ouderdom as hul eie kinders was, as slawe te kon koop? Watter deel van jou gewete moes jy doodmaak om dit te kon doen?

Kyk jy na rolprente oor die uitbuiting van fabriekswerkers in die era van die Industriële Rewolusie, kan jy nie die lang, onmenslike werksure en haglike omstandighede glo nie. Opstande hierteen was onvermydelik.

### Die ontstaan van Werkersdag

Werkersdag, wat wêreldwyd jaarliks op 1 Mei gevier word, het sy oorsprong in die laat 19de eeu tydens die Industriële Rewolusie gehad toe werkers vir beter werksomstandighede, billike ure en regverdige lone begin veg het.

Dit kan teruggevoer word na die Haymark-oproer in Chicago, VSA, op 4 Mei 1886. Arbeiders het bymekaargekom om te protesteer teen lang werksure (tot 16 uur per dag) en om ’n agt uur-werkdag te eis. Die protes het gelei tot geweld en die dood van sowel protesteerders as polisiemanne. Hierdie gebeurtenis het ’n wêreldwye arbeidersbeweging geïnspireer en in 1889 het die Internasionale Sosialistiese Kongres 1 Mei aangewys as ’n dag om arbeidersregte te vier.

**Lees meer** »

# NUUT AANLYN


新着オンライン

## Missie Japan se nuwe webtuiste, **missionjapan**, is nou aanlyn!

Kom besoek ons nuutste webtuiste, missionjapan, en ontdek alles oor ons missie en projekte! Moet dit nie misloop nie – gaan kyk nou aanlyn!



**missionjapan.co.za**




**BESOEK HIER**

mission ミッション missie
JAPAN

"For we do not preach ourselves, but Jesus Christ as Lord, and ourselves as your servants for Jesus' sake."
2 Corinthians 4:5

**COMPELLED BY CHRIST'S LOVE TO BE BRIDGE BUILDERS IN JAPAN**



# **Vryheid**sdag

*Meer as net 'n dag op die kalender*

Ware vryheid is nie net tot ons eie voordeel nie. Ons is vrygemaak sodat ons in diens van God en ander kan staan. Dit beteken dat ons as kerk geroep is om onreg te beveg, die waarheid te verkondig en om in liefde vir ander om te gee.

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

Op 27 April vier Suid-Afrika Vryheidsdag – 'n dag wat ons herinner aan die oomblik in 1994 toe alle Suid-Afrikaners vir die eerste keer as gelykes by die stembus kon gaan stem. Dit was die begin van 'n nuwe era waar onderdrukking en onreg vervang is deur die hoop op 'n toekoms van vryheid en geregtigheid vir almal.

Vir gelowiges is hierdie historiese vryheid kosbaar, maar ons weet dat daar 'n groter vryheid is – een wat nie deur mense of regerings gegee of weggeneem kan word nie. Hierdie vryheid is die verlossing wat ons in Christus het. Jesus sê in Johannes 8:36: "Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees."

Dit bring ons by die vraag: Wat beteken ware vryheid regtig? En hoe leef ons as gelowiges in hierdie vryheid?

## Vry daarvan om net op jouself gerig te wees

Ware vryheid begin by die evangelie. Alle mense word gebore met 'n inherente selfgerigtheid en fokus op hul eie behoeftes – en dit is ook reg so – jy sien dit veral by klein kindertjies as beskermingsmeganisme.

Soos jy egter ontwikkel en volwassenheid bereik, behoort hierdie selfgerigtheid ook te ontwikkel na omgee en geestelike volwassenheid. Dit is waarop Christus se lering veral fokus – om te sterf aan jouself en te groei in jou omgee vir jou medemens.

As jy dit egter nooit ontwikkel nie, verblind dit jou en weerhou hierdie onvermoë jou van die ware Lewe. Geen politieke of sosiale bevryding kan dit oplos nie; in Christus is hierdie verlossing wel moontlik.

**Lees** meer »

NG Kerk Vrystaat · SCHINK · JONK · CLF Publishers Uitgewers


**R150 per boek**

# Die Verlore Skapie

BLÊR


deur MARTIN SCHWELLA




## Die Verlore Skapie

https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




## The Lost Little Lamb

https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

# BOEKE NOU AANLYN TE KOOP

NAVRAE | skakel@ngkvs.co.za

# Die Verlore Skapie

BLÊR

deur MARTIN SCHWELLA

## Molly bo almal!

Vandag is Leon se eerste keer by die kerk se pret-avontuurdag. Die NG Kerk Blêrfontein hou elke jaar ‘n lekker speletjiesdag vir die jong diere met allerlei aktiwiteite en speletjies. Dit is die hoogtepunt op almal se kalender.

By die kerk se hekke staan al die dierekinders gereed om in te gaan. Leon en Tjoppie staan in afwagting heel voor – hulle was eerste daar. Molly en twee van haar skoolmaats het ook later opgedaag.

Uiteindelik gaan die hek oop.

“Welkom, maats!” groet dominee Armach Breytenblaf die jong diere terwyl hulle instap. Leon en Tjoppie stap eerste in – of so dink hulle. Skielik voel Leon ‘n stoot. Dit is Molly!

“*Excuse Mê*!” sê sy terwyl sy Leon wegdruk. Hy val effens kant toe en struikel toe oor Tjoppie.

“Blêr!” roep hulle albei uit terwyl hulle probeer balanseer.

*Woeps!* Molly glip deur die gaping en draf eerste by die hek in, vasbeslote om heel voor te wees. Leon en Tjoppie kyk haar agterna en skud hul koppe.

Toe Leon en Tjoppie uiteindelik ingaan, is Leon se oë groot van opgewondenheid. Die kerkgronde lyk anders as gewoonlik – daar is kleurvolle vlaggies, kegels en borde wat verskillende aktiwiteite nommer van een tot tien. Voor op die grasperk staan dominee Armach Breytenblaf in sportdrag met ‘n fluitjie om sy nek.

“Welkom by die pret-avontuurdag!” groet hy almal vrolik. “Vandag gaan ons pret hê en ’n bietjie kompeteer. Maar onthou, die belangrikste is om dit saam te geniet!”

Al die diertjies luister opgewonde, met hul oortjies gespits.

“Kom haal vir jou ‘n hoedjie, en dan deel ons die spanne in!” sê dominee Armach.
En toe gebeur dit weer.
“Excuse Mê!” sê Molly en druk verby almal om eerste haar hoedjie te kry. Leon en Tjoppie kyk mekaar moedeloos aan.

Die spanne word uiteindelik ingedeel – daar is sestien spanne in totaal. Molly en haar twee maats word saam met Tjoppie en Leon geplaas.
“Ons is die Wollie-span!” verklaar Molly voordat iemand anders iets kan sê. “My naam is Molly, en ons het wolle!” voeg sy trots by.




**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*


DIE VERLORE SKAPIE

**Lees** meer »

# DIACONIA

## ACTS, UNDERSTANDINGS, AND STORIES OF SERVICE IN A PLURALISTIC SOUTH AFRICA

*In the heart of South Africa's dynamic and diverse society: **DIACONIA – Acts, understandings, and stories of service in a pluralistic South Africa** delves into the church's call to serve amidst deep-seated socio-economic, political, and historical challenges. This book explores diaconia – Christian service – as a transformative force addressing poverty, inequality, social exclusion, corruption, and environmental crises. It does so through a rich tapestry of theological reflections, empirical studies, and real-life narratives that illuminate the power of faith-driven engagement. Bringing together voices from across Africa and Europe, the book stems from a groundbreaking conference that examined diaconal identities in a pluralistic African context.*






*edited by*
**Johannes Knoetze & Jacques W Beukes**

*The contributions span historical perspectives, contemporary challenges, and practical models of service, offering fresh insights into the role of the church in a post-apartheid, post-Christendom society.*

*Engaging with diaconia as an act of faith that transcends religious boundaries, DIACONIA is essential reading for theologians, practitioners, policymakers, and faith-based organisations seeking to understand and embody Christian social action in a rapidly changing world.*

*Target audience: Academics, social workers, reverends, those interested in/doing research on church charity work, faith-based organisation, theological students.*

### MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

*Oorgeneem uit **shop.clf.co.za***




**Dr Lyzette Hoffman**
*Dekaanskantoor: Fakulteit Teologie en Religie, UV*

Agtien teologie studente het die 4de April opgewonde vertrek na die Nampo-terrein buite Bothaville vir die jaarlikse #Imagine ervaring. #Imagine is 'n "kamp" vir Christen tieners wat tieners wil inspireer en toerus. Ongeveer 800 tieners vanuit die Vrystaat, Noord-Kaap, Noord-Wes en Gauteng het die geleentheid bygewoon.

Baie dinge gebeur by #Imagine. Daar is begeesterde lofsang en inspirerende sprekers. Gedurende die kamp kan die tieners ook tussen verskillende werkswinkels kies om aan deel te neem. Onder meer oor sosiale media, plaaslike uitreike, sport bediening, gebed en gesin. Die teologie-studente gaan om 'n werkswinkel vir die tieners aan te bied.

Die werkswinkel "Help-a-buddy" wil tieners bemagtig om 'n vriend/in te begelei wat deur 'n moeilike tyd gaan. Daar word vier scenario's bespreek: 'n vriend wat sukkel met 'n verslawing, spanning en angstigheid, verhoudings of boelie gedrag. Die studente het die geleentheid gebruik om met die tieners oor hierdie uitdagings in hulle lewe te gesels. Deur rollespel is dan ook gedemonstreer hoe om iemand effektief te ondersteun deur eers hulle storie te hoor, dan te soek na die waarheid in hierdie situasie en laastens 'n besluit te neem wat 'n verskil kan maak.

In die groot Nampo-saal word verskeie ontmoeting stasies opgestel.

Die tieners kry geleentheid om op die boodskap van die stasie te reageer. Die teologie studente se tema was "genesing". Tieners kon hul behoefte aan genesing ten opsigte van alle aspekte van hulle lewe op die gebroke harte gaan neerskryf. Die studente het ook saam met die tieners gebid waar daar 'n behoefte was. Die teks van die naweek was Jesus se ontmoeting met die Samaritaanse vrou by die put. Die ontmoeting stasies het geleentheid gebied om bewus te word van Jesus wat jou wil ontmoet soos die vrou by die put.

Tieners getuig van die wonderlike geestelike ervarings by #Imagine.

**Lees** meer »

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## APRIL

**27** Dr Gideon Serfontein
VAALPARK

**28** Ds Janke Hurter
BERG-EN-DAL

**29** Ds Gideon Lamprecht
BETHLEHEM-PANORAMA

**29** Ds Petrus Fouché
HEILBRON-SUID

**30** Ds Henry Williams
KERKENBERG

## MEI

**04** Ds Johan Labuschagne
UNIVERSITASRIF

**05** Ds Horace van Coller
DEWETSDORP



# Voedsel-vermorsing-dag

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Ekologie Netwerk
*Mariëtte Odendaal*

## Kom ons beveg voedselvermorsing!

Het jy geweet dat 33% van alle kos wat wêreldwyd geproduseer word, elke jaar verlore gaan of vermors word? As jy dan lees dat net 'n kwart van die kos wat wêreldwyd vermors word, gebruik kan word om die 795 miljoen mense wat ondervoed is, te voed, besef jy hier is iets drasties verkeerd.

Die doel van die **Stop Voedselvermorsing-dag** wat op 30 April wêreldwyd gevier word, is om mense anders te laat dink oor hoe ons met kos te werk gaan. Dit is 'n wêreldwye probleem wat dringend aandag vereis. Laat ons, as navolgers van Christus, 'n bewustheid help skep oor voedselvermorsing. Laat ons die mense in ons gemeenskappe op alle vlakke betrek en hieroor opvoed deur praktiese, kreatiewe en betekenisvolle maniere te deel waardeur ons ons gedrag kan verander om voedselvermorsing wêreldwyd te help verminder.

Hierdie **maklike resepte** wys jou hoe om die beste gebruik te maak van produkte en oorskietkos wat dikwels weggegooi word.

**Lees** hier »

# AKTUEEL EN ALGEMEEN





**Wil jy jouself beter leer ken in Christus?**

*Geskep vir meer*, die nuwe boek deur Johan Botha, sal jou help om jou ware identiteit in Jesus Christus te ontdek.





**NUUT op CLF se rakke**

Maar Verlos ons van die Bose! | Ars Moriendi | Woestynwysheid | Bakengemeentes: Nagedink oor Roeping en Getrouheid | Die Verlore Skapie | *The Lost Little Lamb*




**NOU by CLF beskikbaar**

'n Geloofspad met MS | *How Mamabolo escaped from the cage of poverty* | Anderkant 65 – Oor aftrede en daarna Bybeldagboek & Vrug van die Gees Combo




**PROGRAMME**

*Registration for the Nicaea conference is now officially open. This event will take place from **19 - 21 May at the Faculty of Theology of Stellenbosch University**. This gathering commemorates the 1700th anniversary of the First Council of Nicaea and the ongoing significance of the Creed that bears the Council's name.*




**BESPREEK HIER**

**BOEKBESPREKING**

**Mias van Jaarsveld van die Christelike Lektuurfonds is 'n redaksielid van die publikasie *Bakengemeentes*.** Die boek is 'n kombinasie van kwantitatiewe navorsing en gevallestudies oor gemeentes, wat reeds nuut gedink het oor leierskap en hulle missionale roeping. Hy hoop dat lesers saam opgewonde sal raak oor wat in die NG Kerk aan die gang is.



EKBEKENDSTELLING:
ENGEMEENTES
8 MEI
17:00
Ferguson
Ouditoriu
Hugenote
Kollege
Wellingto
Paneel-bespreki
Aanlyn /
In persoo
BAKENGEMEENTES:
nagedink oor roeping en getrouheid
REDAKSIESPAN:
'n Beperkte oplaag is beskikbaar.
el jou kopie @ R300 (& R120 Koerierfooi)
SVP en Boekbestelling: (teen 5 Mei)
Dui asb op registrasievorm aan




Pastel -
opleiding
R4000 p.p
Klasse van 2 ure elk sal oor 10
weke weekliks aangebied
word by NG kerk Berg en Dal.
Sage Pa
Accoun
rsus sluit nie evaluering
nie. Geen sertifikaat sal
gereik word nie.
is nooi graag alle belangstellendes om die Pastelkursus, aangebi
ur Christo Hurter, dosent by die Sentrale Universiteit van Tegnolog
ystaat wat spesialiseer in Rekeningkundige Sagteware te deurloo
t is belangerik dat elke kursusganger oor 'n skootrekenaar besk
ekeningkundige en of besigheidservaring is aan te beveel.
ternet fasiliteite sal voorsien word.
Indien jy die assessering wil aflê en 'n sertifikaat
bekom, moet 'n handleiding vanaf Sage aangeko
teen 'n ekstra R 1100 wat dan ook die aanlyn-asse
sal insluit.




RANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE O
Tel: 076 143 6961 E-pos: info@toibo.org.
www.toibo.org.za
INTERHART VA
HOOP
kruip nader en
waarheid is dat
s gehelp moet
warm klere sodat
skoolgaan.
ntdonasie of
an winter-
skoene, musse,
handskoene kan
s in die
e verseker.
K 020 840 145
Matt




loem
ou-Show
RNIVAL
ONDERSTEUN DI
PROJEK VAN HO
OEK ONS BLOEMSKOU STALLE
TERKANT VAN DIE DAISY SA
AN 'N KANS OM
E WEN
LT KWID CLIMBER
EVOLVE
novus
media
KWID
WWW.ENGO.CO.ZA | 060 548 5543




MEESTERSTUK 4 KON
16 & 17 Mei 2025
LEOPARDS AND LACE
vanaf 17:30
BOER KRY S
R290
engo




EKAL KINDERHUIS GHOLF
Silver Lakes Country Club, Pretoria
11h00 Vrydag 23 Me
START 4-BALL ALLIANCE
HALFWAY & DINNER
4-ball




N VOORRAA
Afrikaans 1933/1953
NASLAANBYBEL
40% AFSLAG
R192
WAS R320
Afrikaans 1983
SAGTEBAND
R164
ELK
www.bibleshop.co.
www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika




*40% AFSLAG
Paasfees
BYBEL-
UITVERKOPING
1 MAART TOT 30 APRIL 2025
BIBLE
DIE BYBEL
bybelgenootskap van suid-afrika
www.bibleshop.co.za
* Terwyl voorraad hou.




slaan af vir bybels
Bybelgenootskap
van Suid-Afrika
GHOLFDAG
Ons Gholfdag vind plaas by die Toti Gholfbaan
Datum: Woensdag 9 Julie 2025
Afslaantyd: 09:00
Koste: R3 000 per vierbal: Sluit in baanfooie, karretjies, aandete en prysuitdeling
Formaat: Vierbal Alliansie - twee tellings om te geld
Nieamptelike voorgee: 18
Vir meer inligting, kontak Hermien by cilliers@biblesociety.co.za of 031 207 4933

## GRAAD 8–12 KAMP

**4-9 Oktober 2025**

**MOOIGENOEG
KAMPTERREIN BUITE
BLOEMFONTEIN**




*Mooigenoeg*

# TIENERKAMP


## WAT OM TE VERWAG?

Kom sluit aan by ons inspirerende Christelike Tienerkamp vir graad 8–12! Begin jou dag met Geesvervulde oggendstiltetyd in die pragtige natuurskoon waar jy met die Here kan connect. Geniet lekker koffieshop-kuiers, snoepie en etes saam met vriende oud en nuut.
Ontdek ‘n dieper geloof en neem deel aan dinamiese groepsbesprekings wat handel oor verskeie tema's. Geniet die middag gevul met opwindende aktiwiteite en bou kosbare lewenslange vriendskappe. Sluit die die dag af saam met die praise & worship span en inspirerende sprekers. Sien jou daar!!

## WAT MOET EK WEET?

**Wat kos dit?** R1 350 PER PERSOON
**Kontak ons vir meer info:** KERKKANTOOR: 051 448 1419
DS.TANO BONGERS: 072 1765 092

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## VROEË KERK-VADERS VIR DIE BEDIENING

8 Mei 2025

10 VBO-punte

R250 p/p
Aanlyn webinaar
Prof Chris de Wet

Lees meer +
**Registreer** +





## EXCELSUS HISTORIESE TEOLOGIE

21 - 22 Mei 2025

VBO-punte

Aanlyn webinaar
Prof Johan van der Merwe

Lees meer +
**Registreer** +




## PATOS ONTMOETING MET HEILIGES

22 Mei 2025

VBO-punte

13:00 - 14:00
Aanlyn Teams
Dr Lisel Joubert

Lees meer +
**Registreer** +




## SPELTERAPIE VIR PREDIKANTE

28 - 30 Julie 2025

30 VBO-punte

R500 p/p
In persoon
NG Fontainebleau

Lees meer +
**Registreer** +

# 'N UITNODIGING TOT STILTE

*vir jou*




hier sal die stilte jou vind en jou help om weer te hoor

**JULIE | 27-29 | 2025**

verblyf | etes
begeleide en onbegeleide tye vir stilword
persoonlike gesprek
vryheid om in die vlaktes in te stap

**KONTAK DS LOUWRENS SCHEEPERS 072 115 0057**

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig
Luister nou

Ondersteun Kerkbode
Maak 'n donasie



Gemeente vertel: Jongste deelnemer was 4 en die oudste 82 ... Passiespel bring generasies bymekaar

*24 April 2025*
*Kerkbode*
*Hoopstories*



**OPINIE**

Waarom weerspieël eredienste steeds nie Suid-Afrika se groot diversiteit nie?

*24 April 2025*
*Kerkbode*
*Rubrieke*



Christus se opstanding saam gevier in Ekurhuleni (ou Oosrand)


*23 April 2025*
*Kerkbode*
*Hoopstories*



**BOEK**

Waardevolle wenke oor organisatoriese kultuurverandering vir kerklike gehoor

*23 April 2025*
*Kerkbode*
*Boeke*



**BOEK**

Treffende geloofslens op werkverwante pyn

*23 April 2025*
*Kerkbode*
*Boeke*




'Stem van morele dapperheid en medelye gegroet' – NG Kerk betuig ook simpatie met afsterf van pous Franciskus

*22 April 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Nuus*

Google Play   kerkbode.christians.co.za   App Store

Oorgeneem uit shop.clf.co.za




R185

## 'n Geloofspad met MS


'n Geloofspad met MS. In hierdie inspirerende versameling Bybeldagstukkies deel ds Gawie Marx sy persoonlike reis met veelvuldige sklerose (MS). Nadat hy op 38-jarige ouderdom teologie begin studeer het, het hy die gemeentes van Marchand in die Noord-Kaap en later Warden bedien. In 2021 moes hy weens MS op ongeskiktheidspensioen gaan en woon tans in Potchefstroom. Sy getuienis bied insig en hoop vir mense met MS, dié wat iemand met MS ken, en die algemene leser.




R230

## Anderkant 65 *- Oor aftrede en daarna*

Die lewensfase anderkant vyf-en-sestig het statuur gekry. Mense word ouer, leef langer en bly langer gesond en aktief as ooit tevore. As die aftreejare eens ledige stoepsitjare was, is dit vandag beslis nie meer so nie. Hierdie boek gee erkenning aan die aftreeleeftyd as 'n volwaardige deel van ons lewe met unieke geleenthede, uitdagings en genietinge. Dit lê klem daarop dat ons nie net moet aftree van 'n loopbaan nie, maar doelgerig ook na 'n nuwe lewensfase.




R30

## *How Mamabolo escaped from the cage of poverty*

*Poverty is without a doubt still one of the biggest challenges that we face on the planet. Billions of dollars are spent, hours of conversations have taken place in conferences and many books have been written in an attempt to eradicate poverty. Braam Hanekom has condensed his own research and theories about poverty in this powerful story about a child living in a South African township who one day meets a wise old man who guides him on his way to escape out of the cage of poverty. It is a very simple story but works with all the fundamentals of what it really takes to be free from poverty.*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

**Gemeentegebeure**

Kalender | Belangrike datums

**KALENDER**

skakel@ngkvs.co.za
Adverteer hier

**VAKATURES**

**AFLOS**

kerkbode

**Interaktiewe Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**DAGBOEK**

woes@mweb.co.za
023 342 6030

**VAKATURES**

**AMPTELIK**

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEVESTIGING | Ds Gert Victor** van Harrismith is op Sondag 6 April 2025 bevestig in die NG Gemeente Prins Albert. Die bevestiging is waargeneem deur die konsulent, ds Danie Pretorius van Merweville. Ds Victor se intree-preek daarná was na aanleiding van Galasiërs 5:22 met die tema: "Proe ánder Christus in jou?".

Die gemeente en hulle nuwe leraar is opgewonde oor die pad saam vorentoe.

**Ds Hendrik Conradie** van die NG Gemeente Virginia-Wes is beroep na die NG Riebeeckstad Moedergemeente en het die beroep aanvaar vanaf 1 Mei 2025.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING 2



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk Vrystaat

**'n Opvolgkursus waar ons kyk na wat alles na die Argief gestuur moet word en hoe om daardie inligting te verwerk en deur te gee.** Ons kyk ook oorsigtelik na die werksaamhede van die Sinodale kantoor, die POPI-wetgewing, die opstel van agendas en skryf van notules en die Bydraes vir Gesamentlike Werksaamhede.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# **Saam met Jesus** in Bloemfon-Tuin

**ALGEMEEN**
NG Woodland Hills Gemeenskapskerk
*Ds Zak Scholtz*



***Foto:*** *Ds Zak Scholtz (verskaf)*

*“... dit wat die Kerk sal aanhou gedenk: die Nagmaal.”*

Dit is ’n Donderdagaand soos geen ander nie.

In die klein bokamer is Jesus by sy vriende – jarelange vriende wat mekaar ken. Die wêreld salig onbewus en ingesluk in die warboel van klimaks en teleurstelling die laaste week.

Jesus en sy dissipels lê aan by die eenvoudige tafeltjie. Hier gaan iets nuuts en onmeetlik heilig gebore word – dit wat die Kerk sal aanhou gedenk: die Nagmaal. Hierdie aand wat soos enige ander aand lyk – gaan weer en weer in gedagtenis geroep word. ’n Nuwe perspektief op ’n ou tradisie - ’n nuwe belofte op ’n ou voorspelling – ’n Nuwe Verbond as vervulling van die oue.

Te midde van die wêreld se onkunde is die ware Lig hier teenwoordig. ’n Lig wat elke teenstander van Jesus wou uitdoof – maar nie geslaag het nie. ’n Lig wat die nasies verlig.

In Bloemfon-Tuin vanaand, herdenk ons die heilige oomblik onder die sagte glans van kerslig – ’n handjievol kerse en die Menorah – in die middel van die tafel. Die simbool van die Boom van die Lewe laat sy lig saggies oor die tafel val. Dis pikdonker in die gebou. Die lig beveg en hou die donkerte op ’n afstand. My voete voel swaar toe ek nader stap van die verhoog af. Omring deur lidmate wat binne bereik van die tafel sit. Ek besef ek betree ’n heilige oomblik – elke tree ’n gebed sonder woorde. Om ons heen dans die sagte flikkering van die kerse – brose liggies wat die donkerte weghou.

Ek dank en neem die brood en wyn — eenvoudig, nederig, in pita-vorm. Ek breek dit en skink en herhaal Jesus se woorde. Soos daardie nag – is hier ook ’n heilige teenwoordigheid – die Gees van God is hier. Een vir een stap mense nader: hulle kom haal om te deel aan hierdie herinneringsmaaltyd.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG Kerk
Vrystaat

**NG KERK VRYSTAAT | © 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING